

**15 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 16**

### **Samuel salf 'n nuwe koning**

Die Here stuur die profeet Samuel na Betlehem, na die huis van Isai, om 'n nuwe koning oor Israel te salf - 'n koning wat volgens die wil van God sal regeer. Wie die koning sal wees, weet geen mens nie. In sy vrymagtige welbehae weet die Here alleen. Dit kom so duidelik na vore as Isai se seuns een vir een na vore kom.

As Samuel die besondere gestalte van Eliab sien, dink hy: Dit is die nuwe koning. Maar die Here wys hom tereg: "Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike". So gaan sewe seuns verby, sonder dat die Here een aanwys. Eers as die agtste kom - 'n rooierige jong skaapwagter wat, menslik gesproke, nooit koning kan word nie - kry Samuel opdrag: Salf hom! En onmiddellik het die Gees van die Here kragtig in Dawid begin werk.

Soos Samuel na die uiterlike van Eliab gekyk net, so doen ons ook dikwels. Dis vandag die jongman en jongmeisie met die liggaamsbou wat die oog vang, al is hulle so leeg soos 'n vaatjie en so ydel soos 'n pou. Hoe dankbaar moet ons tog nie wees dat die Here anders dink nie! Hy gee om vir die nederige, maar Hy sien van ver af deur die hoogmoedige (Ps 138:8). Hy kies mense uit wat in die oog van die wêreld sonder aansien of betekenis is (1 Kor 1:28). As jy nog daaraan twyfel, dink dan hoe Jesus vir jou die gestalte van 'n slaaf aangeneem het om van jou 'n kind van God te maak!

*Sing: Psalm 138:3*

*Dr CJ Malan (Emeritus)*